MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA

# NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 7 DESEMBER 2016 OM 13.00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOTULE NO.
08/2016

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die voorsitter open die vergadering met gebed en verwelkom almal.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 TEENWOORDIG:

| | |
|---|---|
| George Nezar | Voorsitter |
| Frik Nel | |
| Mike Wray | |
| Pieter Le Roux | |
| Len Rauch | Raadslid |
| Ray Saul | |
| Johan Lotter | |
| Charl Coetzer | Notuleerder |
| Nicky van Rensburg | Munisipaliteit |
| Frans de Graaff | |

### 2.2 AFWESIG

| | |
|---|---|
| Anton Dellemijn | |
| Annatjie van Rensburg | |
| Jorrie Jordaan | |
| Flippie Bezuidenhout | |
| Jasper van Zyl | |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit |

## 3. LIEF EN LEED

Deelneme word betuig met Anton Dellemijn met die afsterwe van sy moeder

## 4. GOEDKEURINGVAN NOTULE

Notule no. 07/2016 word goedgekeur
Voorsteller: Mike Wray
Sekondant: Pieter le Roux
Wysiging: Bes. 5 "Dinsdag" moet wees Woensdag

## 5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

5.1 Huur van Reeboksaal.

Ons moet voortaan 'n minimum bedrag betaal vir die gebruik van die saal.
~~betaal~~
Anton sal die aangeleentheid met die munisipaliteit opneem.
Ons moet egter intussen vir die algemene jaarvergadering betaal.

5.2 Datum van jaarvergadering.
Die komende jaarvergadering sal gehou word op Woensdag 21 Desember om 10.00
Lede van die belastingbetalersvereniging moet asb om 9.00 rapporteer.
Die voorsitter noem dat die reëlings vir die nodige kennisgewing van die AJV in plek is.

Die volgende persone kan nie die AJV bywoon nie.
Charl Coetzer
Nicky van Rensburg
Frik Nel
Ray Saul

5.3 Noordsiglaan 55
Charl Coetzer noem dat die eienaar se seun 'n tuisbesigheid van die huis bedryf en dat al die afval afkomstig van sy bedryf, op die sypaadjie gegooi word.
Charl sal 'n e-pos aan die MBM stuur.

5.4 Erf 439
Die voorsitter noem dat die NG Kerk, Reebok, 'n aansoek om hersonenring voorberei vir indiening by die MBM.
'n Gesondheidversorgingsoord word beplan.

5.5 Hys van blouvlag op die strand.
Die voorsitter sal raadslid Annatjie van Rensburg versoek om die plegtigheid te behartig.
Lede is welkom om dit by te woon.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

6.1 Verteenwoordigers Reebokrif.
Buks Pieterse is weer beskikbaar om te dien.

6.2 Duinversteurings
Regsproses is aan die gang.
Word op aktiwiteitslys geplaas.

6.3 Bestuur: ~~ur~~: Gate in strate & foutiewe ligte.
Hierdie aangeleentheid moet voortaan by die betrokke verantwoordelikheidsareas bespreek word.
Klagtes kan aan selno. 44802 gerapporteer word.

Probleme word soms ondervind om antwoord by die munisipaliteit se skakelbord te kry.
Frik Nel sal 'n e-pos stuur met afskrif aan George Nezar.
Kragonderbrekings. Charles Geldenhuys kan op 079 588 0902 gekontak word.
Lede word ernstig versoek om NIE die nommer aan persone buite die vergadering te gee nie.

6.4 Midbrakbedieningsarea.
Die insluiting van Eurekapark en Suiderkruis is strydig met die bepalings van die konstitusie.Dit word voorgestel dat 'n voorstel an die AJV voorgelê word vir goedkeuring.
Voorstel: Die verantwoordelikheidsarea van die Vereniging sal weer Klein Brak Rivier insluitende Riverside en alle woongebiede tot en met Tergniet wees.

Gesprek sal met die verteenwoordigers van Eurekapark en Suiderkruis gevoer word om hulle eie verenigings te stig.

6.5 Webwerf

Claus Ulrich het onderneem om voortaan die webwerf te bestuur.
Notules en inligtingstukke sal dan ook daarop geplaas word.
Verkry goedkeuring.

**7. BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS**

Mike Wray en George Nezar sal die eerskomende vergadering bywoon.
Mike sal die datum verkry.

**8. WYSKOMITEES**

8.1 Wyk 4. Pieter Le Roux noem dat die wykslede opgewonde is, maar dat daar geen punte van belang is vir die vereniging nie.

8.2 Wyk 5. George Nezar noem dat die wykskomiteelede opgewonde is asook dat interaksie sal plaasvind tussen die Glentana- en Grootbrakhoogte belastingbetalersverenigings.

**9. PROJEKTE**

Geen bespreking.

**10. FINANSIES**

Die enigste uitbetaling wat gedoen is, was R592.00 t.o.v. webwerfinstandhouding. Ons finansies wek kommer. Werksaamhede van die vereniging moet d.m.v. ons webwerf, nuusbrief en AJV aan inwoners bekendgestel word in 'n poging om finansiële ondersteuning te verhoog.

**11. POLISIëRING/BUURTWAG**

Daar was 'n afname in inbrake. Die buurtwag sal inligtingspamflette voor die AJV vergadering uitdeel.

**12.. BEWAREA**

Hoe moet Bewarea bestuur word? Berei uself voor vir bespreking op eerste vergadering in nuwe jaar.

**13. PLAASLIKE SAKE**

13.1 De Lange uitbreiding. Geen sake

13.2 Toekoms. Geen sake

13.3 Eurekapark. Geen sake

13.4 Fraaiuitsig.

'n Nuwe woonhuis isin kusweg gebou en die omheiningsmuur is teenaan die houttrap gebou. Die trap is in die proses beskadig. Charl sal 'ne-pos aan die MBM stuur met afskrif aan Johan Muller.

Susanslot. Die straat is tydens die bouproses van 'n huis beskadig. Frik Bel sal 'n e-pos aan die MBM stuur.

13.5 Suiderkruis. Vakant

13.6 Riverside . Geen

13.7 Tergniet. Geen

13.8 Tergniethoogte. Geen

13.9 Klein Brak Rivier. Geen

13.10 Reebok

13.10.1 Noord van die spoorlyn (Johan Lotter). Toegangsborde na Reebokhoogte en Tergniethoogte. Onafgehandel. Onkruid tussen pad en sypaadjies van alle strate moet verwyder word.

"STOP" op sommige strate nie geverf nie.
Ray sal e-pos aan Munisipaliteit stuur

13.10.2 Suid van die spoorlyn (Johan Muller) . Geen

13.11 Reebokhoogte (Ray en George)

13.12 Reebokrif (Buks en flippie) Geen

**14.. KORRESPONDENSIE**

Geen

**15. ALGEMEEN**

15.1 Die nie-beskikbaarheid van notules die afgelope paar vergaderings wek kommer. Opvolgers vir die posisies van voorsitter, o/voorsitter en sekretaresse moet vroegtydig geidentifiseer word ten einde kontinuiteit in die werksaamhede te verseker.

15.2 Op 'n vraag van Len Rauch word bevestig dat raadslede reg tot bywoning van vergaderings het (en dit word hoog op prys gestel) maar nie stemreg nie.

**16. VOLGENDE VERGADERING**

Die volgende vergadering sal op Woensdag 1 Februarie 2017 gehou word.

**17. VERDAGING**

Die vergadering verdaag om 14.45

..................................................

G NEZAR
VOORSITTER

**VOORSITTER**

**MBBV7B AKTIWITEITSLYS 2016/2017**

Onderwerp

1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling- voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'nsoortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting.

2. <u>Sake by Munisipale Regsafdeling</u>

a. Tennisbane - Klein Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)

b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)

c. Koraal Singel 43 (vordering). Regsgeding

3. Strate en stormwater (Reebok en Tergniet) - Kusweg 211,275&hv De Jager & Kusweg